# DE HALTE

– GROEN VINGERS NUUSBRIEF –

Jaargang 2 April 2020 Uitgawe #7




*Personeel en lede van gemeenskap benut die opbrengs met kinders wat tuis moet bly*

## Hoe sal 'n mens 2020 beskryf?

Almal hier by Bothas Halte het met groot verwagtinge uitgesien na nog 'n besonderse jaar in die kort Geskiedenis van hierdie besonderse dinamiese skool wat ontwikkel het uit 'n plaas skooltjie. Bothas Halte is sekerlik een van die mees moderne skole wanneer dit kom by tegnologie om die kinders se opvoeding te verryk en met 'n sterk fokus op herwinbare en groen metodes.

Die skool het byvoorbeeld 'n volledige toegeruste biblioteek met 'n rekenaar kamer. Hierdie fasiliteite word beskikbaar gestel aan nog vyf skole in die Breërivier omgewing. Daar is 'n ervare en gekwalifiseerde onderwyseres aangestel om dié kinders van hierdie skole te help en te onderrig in Wetenskap en Wiskunde.

Die skool se elektrisiteit word grootliks voorsien deur sonpanele en windopwekkers.

Dit is ook hier wat die belangrike bydrae van 'n groentetuin tot 'n volronde ontwikkeling van die kind erken word en omhels word.

Leerders kom in aanraking met die werklikheid wanneer hul kennis maak met die verwoestende effek van globale verwarming en verandering van seisoene, hoe om spaarsamig met water bronne te werk, hoe om water te bespaar, die nut van plante se voedingswaarde en hulle vermoë om gifstowwe uit die atmosfeer te verwyder en lewens noodsaaklike suurstof vry te stel.

Ons het die jaar afgeskop om soveel as moontlik groente te saai en te kweek. Ons eerste projek vir die jaar was om 'n kweehuis op te rig waarin ons opvolg plantjies kon kweek. Die tuin het soveel groente en afval opgelewer dat ons die skoolkombuis en die Bosjes restaurant met groente kon voorsien.

Ons het ook die eerste "worm juice" gebottel en aan SPAR Langebaan gelewer. Die etiket op die bottels is deur ons self ontwerp.

Met die uitbreek van die Covid-19 epidemie is ons' n bietjie gerem omdat ons nie by die tuine kon uitkom nie. Gelukkig kon ons in samewerking met SPAR 'n permit kry om die tuin te kan besoek en van die groente aan SPAR te lewer.

Ons is verder verheug om met julle te deel dat SPAR saam met Bothas Halte egter besluit het om nié die groentes te verkoop nié, maar dit eerder beskikbaar te stel aan organisasies wat hulp-behoewendes voorsien van kos.

Ons is innig dankbaar aan Bosjes Trust wat ons die geleentheid gebied het om tot diens te wees van Bothas Halte Primêr, die gemeenskap en dat ons 'n noodsaaklike bydrae kon lewer deur vars groente te voorsien aan behoeftiges tydens die Covid-19 epidemie.

Root-to-Grow is dankbaar aan almal wat betrokke was by Bothas Halte Primêr en ons gehelp het om ons "motto"  na te streef en te verwesenlik van:

***A school in every garden!***














# Voedingstyd

Uit ons tuin gee
ons al hierdie
mondtjies kos.



# *Benefits of* **school gardens**





**1**
Taste and learn about healthy food

**2**
Learn how to grow vegetables and fruit







**3**
Develop team work skills


**4**
Promote better nutrition

**5**
Learn to value the work of who grows our food

root-to-grow
SCHOOL VEGGIE GARDENS

**roottogrow.org.za**

# Ons eie kweekhuis





















SPAR tesaam met Bothas Halte het besluit om nié die groentes te verkoop nié, maar dit eerder beskikbaar te stel aan organisasies wat hulp-behoewendes voorsien van kos.




Oestyd


















root-to-grow
SCHOOL VEGGIE GARDENS

together,
making
a difference

NON PROFIT CO. REG: K2011/125100/08